

Die kousatiewerkwoord in Afrikaans as 'n sensor-motoriese metafoor

SUMMARY

The causative verb in Afrikaans as a sensory-motor metaphor

Every human language provides a set of conventions for the mapping of communicative intentions unto utterances. According to J. H. Greenberg these encoding conventions are constrained by human tendencies to think and talk about images in certain set ways.

This article looks into a very interesting case of the sensory-motor metaphor in Afrikaans – i.e. the way in which specific causative constructions in Afrikaans reflect the basic metaphor of a concrete human actor.

*It will be argued that the choice between a complex causative construction such as *Hy laat die vleis ontvries* and the corresponding simplex construction *Hy ontvries die vleis* is determined by the potential of the complex construction to express two salient events – the initiating and the resulting events – whereas the simplex construction expresses only one conceptual event.*

1. INLEIDING

Elke taal bestaan uit 'n stel beginsels waarvolgens kommunikatiewe intensies tot uitinge geënkodeer word. Hierdie enkoderingsbeginsels word volgens Greenberg (1978) ingeperk deur onder andere die menslike neiging om op bepaalde maniere te dink en hom dinge voor te stel. David McNeill (1975), Charles Osgood (Osgood & Black 1977) en andere argumenteer dat taal sy oorsprong het in die verwoording van die eenjarige kind se sensor-motoriese begrip van die wêreld rondom hom. Nog 'n psigolinguïst, Slobin (1979:64), verwoord dit effens anders. Hy beweer: “. . . the organization of sentences in all languages is founded on such very basic ways of thinking.”

Van die ses logies moontlike sinsordes gebruik bykans al die tale van die wêreld net drie as hul basiese orde (Greenberg 1963:58-90): subjek-verbum-objek (SVO), subjek-objek-verbum (SOV) en verbum-subjek-objek (VSO). Die gemeenskaplike eienskap by al drie is die voorrang wat die subjek bo die objek het. Hierdie ooreenkoms, dit wil sê die voorrang van subjek bo objek, is 'n taalmatige metafoor van die sensor-motoriese waarneming dat handelinge voortvloei uit die intensie van 'n dader. En in die praat oor situasies identifiseer die spreker hom gewoonlik met die dader. Slobin (1979:64-65) stel dit so: “For peculiarly human reasons such as these, languages are constructed to follow basic thought patterns.” En verder aan: “. . . the lexical and grammatical structures of language reflect basic metaphors of a concrete human actor.”

In die res van hierdie artikel word ingegaan op 'n uiters interessante geval in Afrikaans waar die bepaalde grammatiese struktuur juis so 'n metaforiese weerspieëling is van dieperliggende konseptualiserings. Daar sal aangevoer word dat die nie-simmetriese aard van die volgende verhouding op 'n sensor-motoriese metafoor berus:

Hy laat die vleis ontvries: Hy ontvries die vleis.

Hy laat die kind skrik : *Hy skrik die kind.

Om hierdie kwessie behoorlik uit te pluus sal die kousatiefkonstruksie in Afrikaans van nader beskou moet word.

2. DIE KOUSATIEFKONSTRUKSIE IN AFRIKAANS

'n Kousatiewe situasie behels enige situasie wat die volgende kenmerke vertoon: Dit bevat twee konseptuele momente, naamlik (i) die veroorsakende moment en (ii) die veroorsaakte moment. Hierdie twee momente staan in 'n kousale verband tot mekaar. Die veroorsakende moment behels gewoonlik 'n handeling wat op 'n voorwerp oorgaan en wat 'n verandering van toestand van die voorwerp tot gevolg het. Voorts is die verband tussen die twee momente slegs kousaal indien een van die volgende twee voorwaardes geld: (i) die realisering van die veroorsaakte moment is direk daarvan afhanklik dat die veroorsakende moment wel moes plaasgevind of begin het, of (ii) die verhouding tussen die twee momente moet sodanig wees dat die spreker impliseer dat die veroorsakende moment wel die veroorsaakte moment tot gevolg sal hê.

Die sin *Ek beveel Jan om te loop* druk dus geen kousatiewe situasie uit nie, aangesien die *ek* nie impliseer dat deur *Jan* te beveel hy noodwendig aan die bevel sal gehoor gee nie.

'n Kousatiefwerkwoord of -werkwoordkonstruksie word gedefinieer as enige werkwoord of werkwoordkonstruksie wat 'n kousatiewe situasie uitdruk. Volgens hierdie definisie vertoon die ondergenoemde sinne almal kousatiewe werkwoorde of konstruksies:

- (1) Die dosent veroorsaak dat die student druipe.
- (2) Die dosent laat die student druipe.
- (3) Die dosent druipe die student.
- (4) Die man vermoor die vrou.

2.1 Die sintaktiese kousatiefwerkwoord of -werkwoordkonstruksie

Vervolgens word die aandag toegespits op 'n bepaalde tipe kousatiefwerkwoord of -werkwoordkonstruksie, te wete die sintaktiese kousatiefwerkwoord/-werkwoordkonstruksie.

Afgesien van die kousatiewe situasie wat verwoord moet word, moet 'n sintaktiese kousatiefwerkwoord/-werkwoordkonstruksie ook sekere sintaktiese eienskappe vertoon.

Beskou byvoorbeeld die volgende sinne:

- (5) Jan laat Anna huil.
- (6) Jan buig die draad.

Albei hierdie sinne druk 'n kousatiewe situasie uit. Hierbenewens is dit ook so dat die werkwoord wat met die veroorsaakte moment in verband gebring kan word, telkens in 'n klous wat nêr die veroorsaakte moment verwoord, die tema van die hele kousatiewe situasie as subjek neem. Vergelyk in hierdie verband sinne (7) en (8) wat verband hou met sinne (5) en (6) onderskeidelik:

- (7) Anna huil.
- (8) Die draad buig.

As hierdie sintaktiese valensie as kriterium aangelê word, is die werkwoorde/-werkwoordkonstruksies in (5) en (6) sintaktiese werkwoorde/werkwoordkonstruksies (voortaan sintaktiese kousatiewe). Die werkwoord *vermoor* in sin (4)

hierbo is dus nie 'n sintaktiese kousatief nie. Vergelyk in die verband sin (9):

(9) *Die vrou vermoor. (in die betekenis van „word vermoor”)

2.2 Gelede en ongelede sintaktiese kousatiefwerkwoorde

Sintaktiese kousatiewe kan op hulle beurt in twee tipes verdeel word. Vergelyk in hierdie verband die volgende sinne:

(10) Bedaar, o Heer, die hartstog. (C. L. Leipoldt, „'n Kersnaggebod”)

(11) Jan veroorsaak dat Piet werk.

(12) Jan laat/maak Piet werk.

(13) Die kok kook die sop.

(14) Jan bars die ballon.

Sinne (11) en (12) bevat gelede kousatiewe en sinne (10), (13) en (14) ongelede kousatiewe.

Die gelede kousatiewe is volkome vry en produktief in dié sin dat enige werkwoord met behulp van sintaktiese middele (*laat/maak-* of *veroorzaak-*konstruksies) gekousatiewe kan word. Die ongelede kousatief is 'n kousatiefwerkwoord wat nie ontleedbaar is in 'n sentrale/hoofwerkwoord plus 'n kousativerende element nie.

In die res van hierdie artikel sal aangetoon word dat die onderskeid tussen gelede en ongelede kousatiewe nie bloot 'n toevalligheid in Afrikaans is nie, en dus nie bloot vormlik verskil nie. Meer bepaald gaan 'n saak daarvoor uitgemaak word dat die bestaan van albei tipes kousatiewe 'n besondere geval is van wat aan die begin van die artikel die sensor-motoriese metafoor genoem is.

3. SINTAKTIES-SEMANTIESE GRONDE VIR DIE ONDERSKEID TUSSEN GELEDE EN ONGELEDE KOUSATIEWE

Die twee tipes kousatiewe in Afrikaans vorm elk 'n onderskeie klas sover dit die verskil in hul sintaktiese gedrag onder eenderse omstandighede betref. Die verskil tussen die twee tipes kousatiewe sal nou aan die hand van 'n drietal sintaktiese prosesse belig word.

3.1 Adverbiale bepaling

Beskou die volgende sin:

(15) Jan laat die ballon ongemerk bars.

Dit behoort duidelik te wees dat hierdie sin meerduidelik kan wees. Sin (15) kan die volgende twee interpretasies hê: (a) die ballon bars ten aanskoue van almal, *maar niemand sien dat Jan daarvoor verantwoordelik is nie*; (b) Jan veroorsaak dat die ballon op so 'n plek bars dat niemand dit sien gebeur nie. Teenoor die gelede kousatief *laat bars*, bestaan daar die verwante ongelede kousatief *bars*. Dit is nou insiggewend dat 'n presies parallelle sin met die ongelede kousatief nie potensieel dubbelsinnig is nie. Vergelyk sin (16):

(16) Jan bars die ballon ongemerk.

Hierdie sin het slegs een moontlike interpretasie. Die adverbium bepaal naamlik slegs die veroorsakende moment en die sin kan net beteken dat nie-

mand gesien het dat Jan daarvoor verantwoordelik is dat die ballon gebars het nie.

'n Baie duidelike voorbeeld van die verskynsel vind 'n mens by instrumentele adverbiale. Vergelyk die volgende sinspaar:

- (17) a Jan laat San met 'n kerie stop.
- b Jan stop San met 'n kerie.

Die a-sin kan byvoorbeeld beteken dat Jan 'n kerie gebruik om San mee voor te keer, of dat Jan San 'n kerie gegee het wat sy gebruik om tot stilstand te kom. Hierteenoor kan die b-sin net beteken dat Jan die kerie gebruik. Vergelyk ook sinspaar (18):

- (18) a Die onderwyser laat die kinders met bandopnames leer.
- b Die onderwyser leer die kinders met bandopnames.

In die geval van die a-sin kan die preposisionele frase *met bandopnames* òf die veroorsakende òf veroorsaakte moment bepaal, terwyl dit in die b-sin net die veroorsakende moment kan bepaal (die onderwyser speel dus die bandopnames voor).

Uit die gedrag van adverbiale saam met gelede en ongelede kousatiewe kan die volgende gevolgtrekking gemaak word: in die geval van 'n kousatiewe situasie wat deur 'n gelede kousatief uitgedruk word, word die gebeurtenis gekonseptualiseer as bestaande uit twee afsonderlike handeling ('n veroorsakende en veroorsaakte handeling) waaraan elk aparte handelingstatus toegeken word. Hierteenoor word 'n kousatiewe situasie wat vergestalt word deur 'n ongelede kousatief as een ineenangestremde handeling gesien. Die veroorsakende en veroorsaakte momente word dus nie as twee afsonderlike momente gekonseptualiseer nie, maar is verweef tot een gebeurtenis waaraan gesamentlike handelingstatus toegeken is.

3.2 Sinspronominalisasie

Dit is opvallend dat die sinsantedesent by sinspronominalisasie slegs 'n enkele klous van 'n groter sin mag wees, of meer as een klous mag behels. Vergelyk die volgende sin:

- (19) Anna beweer dat Piet verdwyn het, maar ek glo dit nie.

Hierdie sin het twee interpretasies afhange van wat die antesedent van die pronomens *dit* is.

In die een het die anafoor *dit* die twee klouse *Anna beweer* en *Piet verdwyn*, d.w.s. die geheel *Anna beweer dat Piet verdwyn het* as antesedent. In die ander is slegs die klous *Piet het verdwyn* die antesedent van die anafoor *dit*.

Vergelyk nou die volgende twee sinne:

- (20) Jan het San laat druip, maar ek betwyfel dit.
- (21) Jan het San gedruip, maar ek betwyfel dit.

In sin (20) kan *dit* as anafoor neem die klous *Jan het San laat druip*, d.w.s. beteken dat San gedruip het én dat Jan daarvoor verantwoordelik is. 'n Ander interpretasie is tog ook moontlik, nl. dat betwyfel word dat San gedruip het. Hier is die antesedent dan bloot *San druip*.

By sin (21) staan sake effens anders. Hierdie sin kan net beteken dat nie

geglo word dat Jan besluit het dat San moet drui nie. Die anafoor *dit* het dus hier as antesedent die enkele klous *Jan het San gedruip*.

Ook die proses van sinspronominalisasie dui dus daarop dat gelede kousatiewe 'n komplekse sintaktiese opbou het wat twee momente elk met afsonderlike handelingstatus aktiveer. Ongelede kousatiewe weerspieël 'n simplekse opbou met 'n enkele handelingsmoment.

3.3 *Doen dit-vervanging*

'n Klous kan in Afrikaans onder bepaalde omstandighede deur *doen dit* vervang word as dit in 'n konjunkte struktuur voorafgegaan word deur 'n ander klous met 'n identieke werkwoord.

Ook in sinne met sintaktiese kousatiefwerkwoorde kan hierdie proses plaasvind. Vergelyk sin (22):

(22) Jan het San laat bloos en toe doen Piet dit ook.

Dit val onmiddellik op dat sin (22) twee moontlike interpretasies het afhange van watter van die twee strukture onderliggend aan sinne (23) en (24) as invoer gedien het vir *doen dit*-vervanging.

(23) Jan het San laat bloos en toe laat Piet San ook bloos.

(24) Jan het San laat bloos en toe bloos Piet ook.

By ongelede kousatiewe lewer *doen dit*-vervanging nie ambigue sinne op nie. Vergelyk sin (25):

(25) Jan het San gestop en toe doen Piet dit ook.

Hierdie sin kan net beteken dat Jan San voorgekeer het en dat Piet San toe ook voorgekeer het.

Ook hier blyk dit dus dat gelede kousatiewe twee afsonderlike handelingsmomente vertoon, terwyl ongelede kousatiewe bloot een moment verwoord.

4. WAAROM 'N ONGELEDE KOUSATIEF AS 'N GELEDE KOUSATIEF EWE GOED KON?

Die versreël (hier as (13) herhaal) uit die gedig „Kersnaggebed” deur C. L. Leipoldt belig die kwessie rondom die keuse tussen 'n gelede en ongelede kousatief.

(13) Bedaar, o Heer, die hartstog.

Waarom kies hy hier 'n ongelede kousatief as die gelede kousatief (*Laat, o Heer, die hartstog bedaar*) veel natuurliker is? Anders gestel: Waarom is dit vir hom moontlik om sy bepaalde opsie uit te oefen – die opsie tussen een van die twee vorme bestaan immers nie altyd nie? Die antwoord op hierdie vraag lê in die aard van die veroorsaakte én die veroorsakende tema.

4.1 *Die aard van die veroorsaakte tema*

Dit is opvallend dat die meeste veroorsaakte temas wat saam met ongelede kousatiewe voorkom die kenmerk [-lewend] vertoon. Vergelyk in hierdie verband die volgende sinne:

- (26) Jan stort die water.
- (27) Die kok prut die sop.
- (28) China het 'n atoombom ontplof.
- (29) Hy lek die nuus uit.
- (30) Die vloot sink die skip.
- (31) Hy het 'n band gebars.

Dit beteken dus dat in die geval van ongelede kousatiewe die *veroorsakende tema* die rol van agent vervul, terwyl die *veroorsaakte tema* onderganer (passiënt) is. Die wilsaksie van die agenttema is dus alleen verantwoordelik vir die hele handeling wat deur die kousatiefsituasie verwoord word. Die veroorsaakte moment is dus bloot 'n onvermydelike gevolg van die veroorsakende moment. Anders gestel: die veroorsakende moment is konseptueel dominant en skuiwe as 't ware bo-oor die veroorsaakte moment.

Dit is dus heeltemal verstaanbaar dat 'n sodanige kousatiewe situasie deur 'n ongelede kousatief verwoord kan word, én soms uitsluitlik so verwoord word – vergelyk die volgende werkwoorde: *kook, bak, braai*, ens.

Maar wat nou van die volgende gevalle?

- (32) Die konstabel stop die motoris.
- (33) Klaas vlieg sy duiwe elke Saterdag.
- (34) Die dosent leer die studente sintaksis.

Hier is die veroorsaakte tema tog telkens [+ lewend]. Boonop is hierdie veroorsaakte temas die logiese subjek en dus die agent van die verba *stop, vlieg, leer*. Is hier dan nie tog wel sprake van twee duidelik onderskeie handelinge nie? Het ons dus nie hier met teenvoorbeelde te doen vir die hipotese dat ongelede kousatiewe kousatiewe situasies verwoord waar die veroorsakende en veroorsaakte momente nié afsonderlike handelingstatus het nie?

So 'n beskouing mis egter die essensie van die saak. Die nie-lewende aard van die reeds beskoude gevalle is bloot 'n simptome van 'n fundamentele gegewe. Dit is naamlik die wilsbesluit van die veroorsakende agent wat die beweegkrag is agter die hele handeling; dus, die veroorsaakte moment is 'n bloot onvermydelike gevolg van die veroorsakende moment. In sinne (32), (33) en (34) is die wilsbesluite van *die motoris, duiwe* en *die studente* volkome opgeskort. In sin (33) is die duiwe se vlieëry, byvoorbeeld, bloot die instinktiewe en noodwendige gevolg van Klaas se besluit om hulle te láát vlieg.

Die rol van die veroorsaakte tema is gevolglik deurslaggewend vir die gebruik van 'n ongelede kousatief. As die veroorsaakte tema geen eie wilsbesluit kan uitoefen nie, of as sy eie wil opgeskort is, kan die kousatiefsituasie deur 'n ongelede kousatief vergestalt word.

Interessant genoeg is die teendeel ook waar. 'n Werkwoord wat 'n handeling verwoord wat die wilsaksie van die uitvoerder daarvan vereis, kan nie as ongelede kousatief diens doen nie. Vergelyk die volgende sinne:

- (35) *Die leermeester sing die sangeres.
- (36) *Die konstabel staan die boewe teen die muur.
- (37) *Die afripter swem die kinders.

Hoewel die twee tipes kousatiewe elkeen 'n eie situasietipe dek, is die gelede kousatief die ongemerkte lid van die paar. Terwyl die ongelede kousatief slegs gebruik kan word in geval van 'n veroorsaakte tema sonder eie wilsbesluit, dek die gelede kousatief ook die semantiese veld van die ongelede kousatief. Vergelyk in hierdie verband:

- (38) *Die onderwyser resiteer die kinders.
 (39) a Die huisvrou bak die koek lank.
 b Die huisvrou laat die koek lank bak.

4.2 Die rol van die veroorsakende tema

Dit het reeds geblyk dat vir die gebruik van 'n ongelede kousatief die agentstatus van die veroorsaakte tema opgeskort word en dat die veroorsakende tema dus die agent van die hele kousatiewe situasie moet wees.

Die volgende sinspare skyn egter hierdie veralgemening te weerspreek:

- (40) a Die werktuigkundige laat die motor luier.
 b *Die werktuigkundige luier die motor.
 (41) a Die kanovaarder laat sy kano gereeld drywe om te verseker dat dit nie lek nie.
 b *Die kanovaarder drywe sy kano gereeld om te verseker dat dit nie lek nie.

In die geval van beide sinspare is die veroorsaakte temas nie-lewend en die veroorsaakte moment die noodwendige gevolg van die wilsaksie van die veroorsakende temas. Desnieteenstaande is die b-sinne teen die verwagting in onaanvaarbaar.

Die veroorsakende temas is in albei gevalle wel agente, maar dan slegs in daardie mate dat hulle die veroorsaakte moment aktiveer. Verder val dit op dat die werkwoorde van (40) en (41) duratief van aard is. Hieruit blyk dit dus dat die verhouding tussen veroorsakende tema (agent) en veroorsaakte tema (onderganer) van tweërlei aard kan wees. Die agent kan as impuls fungeer wat lei tot die aanvang van die veroorsaakte moment wat dan onafhanklik van die agent vir 'n sekere tydsduur plaasvind. Dit is die geval waar die werkwoorde duratief van aard is. 'n Ander moontlikheid is dat die agent die veroorsaakte moment sneller en die handeling dan vir die volle duur daarvan rig of beheer daaroor uitoefen. Sin (42) illustreer hierdie toedrag van sake:

- (42) Die man draai/laat draai die slinger vinniger.

Hierdie verskil vind neerslag in die keuse tussen 'n gelede of ongelede kousatief. Die gelede kousatief is weer ongemerk en kan beide situasies verwoord. Die ongelede kousatief kan egter net gebruik word indien die agent die handeling vir die hele duur daarvan rig. Daarom dan dat (40)b en (41)b onaanvaarbaar is. Omdat die veroorsakende agent in hierdie gevalle nie die beweegkrag agter die volledige handeling is nie, word dit nie as dominant gekonseptualiseer nie – beide momente behou 'n eie aanskoulike handelingstatus – en kan versmelting nie plaasvind nie.

5. SLOTOPMERKINGS

Om saam te vat: Die neiging om 'n ongelede kousatief te gebruik waar 'n gelede ewe goed sou kon, of selfs gewoner sou wees, geskied nie sonder luikraak nie. In hierdie verband is daar gewys op die opgeskortheid van 'n wilsaksie by die veroorsaakte tema en die daarmee gepaardgaande konseptualisering van 'n dominante handelingsmoment wat van die veroorsakende tema uitgaan. Tweedens is aangetoon dat die veroorsakende tema rigtende beheer oor die veroorsaakte moment moet uitoefen.

Ongelede kousatiewe soos *kook*, *braai*, *breek*, *buig*, *smelt*, ens. het al die norm geword om die kousatiewe situasie (x veroorsaak (y WERKWOORD))

uit te druk. Die gelede kousatief met *laat* is hoogs uitsonderlik in hierdie gevalle. Word 'n gelede kousatief in so 'n geval wel sonder die nodige verhelderende pragmatiese besonderhede gebruik, sal die interpretasie stellig dié van 'n dubbele kousatiefsituasie wees:

Die kok laat die water kook.

(Die kok veroorsaak (iemand/iets kook die water)).

Hierdie groep werkwoorde (soos *kook, braai, buig, meng, plooi, genees*, ens.) kan dus tot die leidende kategorie gereken word wat betref die ontwikkeling van die ongelede kousatief in Afrikaans. Hier het leksikalisering reeds plaasgevind. Voorts is daar dan nog 'n groot slepende kategorie ongelede kousatiewe -- naamlik dié wat ewe goed deur gelede kousatiewe vervang kan word en selfs nog gewoner is in gelede vorm (soos *vlieg, bars, bedaar*, ens.).

Na 'n lang omweg is aangetoon dat Leipoldt se keuse van *bedaar* bo *laat bedaar*, en natuurlik die bestaan van die ongelede kousatiewe naas gelede kousatiewe in Afrikaans 'n taalmatige metafoor is. Leipoldt se keuse buit die moontlikhede wat Afrikaans onder bepaalde konseptuele omstandighede bied, slim uit om juis die spreker in die gedig se opgeskorte wilsaksie en God se rigtende beheer taalmatig te vergestalt.

VERWYSINGS

- DAVIDSON, D. & HARMAN, G. (eds.) 1972. *Semantics of natural language*. Dordrecht: D. Reidel Publishing Company.
- GREENBERG, J. H. 1963. "Some universals of grammar with particular reference to the order of meaningful elements." In J. H. Greenberg (ed.), *Universals of language*. Cambridge, Mass.: M.I.T. Press.
- GREENBERG, J. H. (ed.) 1978. *Universals of human language*. Vol. 1-4. Stanford, Calif.: Stanford University Press.
- McNEILL, D. 1975. "Semiotic extensions." In R. L. Solso (ed.), *Information processing and cognition: The Loyola Symposium*. Hillsdale, N. J.: Lawrence Erlbaum Associates.
- OSGOOD, C. E. & BOCK, J. K. 1977. "Salience and sentencing: Some production principles." In S. Rosenberg (ed.), *Sentence production: Development in research and theory*. Hillsdale, N. J.: Lawrence Erlbaum Associates.
- SLOBIN, D. I. 1979. *Psycholinguistics*. Glenview, Illinois: Scott, Foresman and Company.